## Shope, G, Ackermann, D, Moja, T & Kamkhwani, H A 1994 — Women in Africa

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. Prys onbekend.

**Resensent: Ds Yolanda Dreyer**

Die Instituut vir Reformatoriese Studies het vanaf 27 April tot 1 Mei 1992 'n konferensie gehou met die tema 'Africa beyond liberation; reconciliation, reformation and development'. Die referate van die konferensie is gepubliseer in 'n reeks studiepamflette. Die tweedelaaste boekie in die reeks *Women in Africa* bevat 'n referaat van G Shope, getitel 'Liberation of the African woman' met response deur T Moja, asook die lesing van D Ackermann 'Context, challenge and change; perspectives on women in South Africa', met respons deur H A Kamkhwani.

Volgens sowel Shope as Ackermann het die bevryding van Afrika nog nie genoegsaam deurgewerk tot bevryding vir die vrou van Afrika nie. Hulle opsomming van die situasie gee blyke van dieselfde probleem as wat ervaar is met die opkoms van sosialisme en kommunisme en die revolusies in Suid-Amerika. Die nasionale stryd teen die onderdrukker geniet voorrang en vroue ontvang beloftes dat hulle saak sal verbeter as hulle help om die nuwe orde aan bewind te kry. Maar dit gebeur nie. Die saak van vroue bly altyd minder belangrik en op die agtergrond.

G Shope meen ware demokratisering en ontwikkeling sal nie in Afrika plaasvind voordat vrouesake meer bevredigend hanteer word nie. Volgens haar is die patriargale aard van Afrikatradisie 'n groot struikelblok in die weg van die regstelling van die eeuelange onreg ten opsigte van die vrou in Afrika. Sy wys daarop dat verskeie Afrikaregerings aandag gee aan vroueregte. Sake wat op papier goed lyk, kom egter nie in die praktyk uit nie en vroue beklee steeds 'n minderwaardige plek in die samelewing. In haar respons waasku T Moja dat, hoewel mans en vroue in Afrika saam leef en werk, daar nog geen sprake van ware versoening tussen man en vrou is nie.

D Ackermann wys daarop dat die bevryding van die vrou in Afrika 'n komplekse aangeleentheid is. Vroue in Afrika is nie 'n homogene groep nie. Daar is groot verskille in die kontekste van verskillende vroue. Ook staan seksisme nie in isolasie nie, maar probleme op grond van geslag, ras en klas is nou verweef en dra by tot die kompleksiteit van die situasie. Die stryd om bevryding moet al hierdie sake insluit voordat dit ware betekenis kan hê. Sy maak kortliks 'n sosiale analise van swart en blanke vroue se ervaring en haal aan uit interessante navorsingswerk wat reeds gedoen is met Suid-Afrikaanse vroue in verskillende lewensomstandigehede. Sy gee ook vlugtig 'n kykie in agt dekades van protesaksies deur swart vroue en die organisasies wat daaruit gebore is.

Ackermann benader die saak van die bevryding en ontwikkeling van Afrika vanuit 'n Christelike perspektief. Die bevryding van mense wat onderdruk en onregverdig behandel word, is noodwendig die belang van mense wat die bevrydende boodskap van Jesus Christus verkondig. Sy rig 'n uitdaging tot die kerk om hierdie beginsels nie net in die verkondiging nie, maar ook in die kerklike praktyk deur te voer. Liefde en kennis van God vereis 'n praktyk van regverdigheid en geregtigheid.

Sy sluit af met die terreine waar sy meen verandering nodig is, vanaf die bewus wees van ons gemeenskaplike mensheid tot veranderinge in die kerk en praktiese sake, soos 'n beter verteenwoordiging vir vroue op alle vlakke. Vanuit 'n vrou se perspektief beteken 'n Afrika ná bevryding, waar versoening, hervorming en ontwikkeling kan plaasvind, dat mans en vrou die vryheid sal hê om as gelyke vennote met mekaar in verhouding te tree te midde van alle sosiale prosesse. Dan sal bevryding ware betekenis hê. Bevryding beteken sowel persoonlike vryheid as om verantwoordelikheid te neem vir die gemeenskap.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services